# Votum



Soos die môreson sal Hy opgaan
en uit die hoogte op ons afstraal,
om lig te bring aan dié wat in duisternis
en in die skaduwee van die dood lewe,
om ons voetstappe te rig
op die pad van vrede

# Seëngroet

**Ds.:**

Die Here het opgestaan!

**Gemeente:**

Die Here het waarlik opgestaan!



**Groet mekaar:**

**Persoon 1:**
Die Here het opgestaan!
**Persoon 2:**
Die Here het waarlik opgestaan!



# JSB 51 vers 1

**Mans:**

As ek soek,
In duister tas,
dan sien ek hel-der
ster-re skyn.
En ek vra:
Wat is die mens?
God dink aan ons!

**Vroue:**

As ek soek,
In duister tas,
dan sien ek hel-der
ster-re skyn.
En ek vra:
Wat is die mens?
Dink God aan ons?

Hy dink aan my.

# JSB 51 vers 4

**Mans:**

As ek sien,
die leeë graf,
hoor ek die engel:
“Jesus leef”!
Heer, U leef!
U’t opgestaan,
die dood oorwin!

**Vroue:**

As ek sien,
die steen is weg,
dra ek die boodskap:
“Christus leef!”
Heer, U leef;
die dood oorwin!
My Here leef!

**Die Here leef!**

# JSB 51 vers 5

| Mans: | Vroue: |
| --- | --- |
| Jesus, Heer, | U’s my Heer! |
| ons loof U saam! | Ons prys u Naam! |
| Laat, Heer ú lief-de | Laat naasteliefde |
| groei in my. | Groei in my. |
| Sing dan saam. | Sing dan saam, |
| almal tesaam: | almal tesaam: |
| Die Here leef! | God, deur sy Gees, |

God is met ons!

# Flam 57

Ek sien in my gees die glorie
en die almag van die Heer.
Die Allerhoogste wat in liefde
oor sy koninkryk regeer.
Hy’t belowe aan die einde
op die wolke kom Hy weer.
Hy is Koning, Hy regeer!


Loof Hom, prys Hom! Halleluja!
Loof Hom, prys Hom! Halleluja!
Loof Hom, prys Hom! Halleluja!
Hy is Koning, Hy regeer!

Die Here is ons Vesting
wat vir altyd sal bly staan.
Hy beskerm elke mens
wat in geloof na Hom toe gaan.
Hy’s ons skuiling, Hy’s ons wapen,
Hy het die vyand reeds verslaan.
Hy is die Rots wat ewig staan.

Loof Hom, prys Hom! Halleluja!
Loof Hom, prys Hom! Halleluja!
Loof Hom, prys Hom! Halleluja!
Hy’s die Rots wat ewig staan!

Kom deel nou in ons loflied
hef jou hande op na bo.
Blaas basuine, slaan op tromme
en kom dans voor God se oë.
Kom leef in die oorwinning
van sy Woord waarin ons glo.
Want sy Woord sal ewig staan.

Loof Hom, prys Hom! Halleluja!
Loof Hom, prys Hom! Halleluja!
Loof Hom, prys Hom! Halleluja!
Sy Woord sal ewig staan
Sy Woord sal ewig staan
Sy Woord sal ewig staan



# Markus 16:1-8

1. Toe die sabbatdag verby was, het Maria Magdalena en Maria die ma van Jakobus, en Salome reukolie gekoop om die liggaam daarmee te gaan balsem.

2. Die Sondagmôre baie vroeg kom hulle by die graf aan net toe die son opkom. 3. Hulle vra toe vir mekaar: "Wie sal vir ons die klip voor die ingang van die graf wegrol?"

4. Die klip was baie groot, maar toe hulle opkyk, sien hulle dat dit klaar weggerol is. 5. Toe hulle in die graf ingaan, sien hulle 'n jongman aan die regterkant sit met lang wit klere aan, en hulle het groot geskrik.

6. “Moenie skrik nie!” sê hy vir hulle. “Julle soek Jesus van Nasaret, wat gekruisig is. Hy is uit die dood opgewek. Hy is nie hier nie. Kyk, daar is die plek waar hulle Hom neergelê het. 7. Maar gaan sê vir sy dissipels en in die besonder vir Petrus: Hy gaan julle vooruit na Galilea toe. Daar sal julle Hom sien soos Hy vir julle gesê het.”

8. Hulle het uit die graf uitgegaan en weggehardloop terwyl hulle gebewe het van die skrik. Hulle het vir niemand anders iets daarvan gesê nie, want hulle was bang.



8
7
6
5
4
3
2
1
a b c d e f g h

# Skaakmat



Die skilder moet die skildery verander of die opskrif

# Skaakmat



# Skaakmat



# Skaakmat




In ons teks ontmoet ons drie vroue en hoor van dissipels
SKAAKMAT
Hulle poging skets hulle wanhoop - alleen
Hulle doen wat in situasie nodig was


Terug by ons
“skaakmat”- oomblikke
Opstanding –
wanneer God
se nuwe lewe
deurbreek
“Soms vat dit verkeerde afdraaie
om by die regte plek te kom.”


Markus se beskrywing - kort en kragtig

# Die inhoud van aankondiging = lens

Vroue is beangs – lesers word egter dieper in God se geheimenis ingetrek met vraag: <u>Hoe reageer jý?</u>

**Aankondiging van die opstanding is baie meer as net 'n mededeling van inligting**

# In opdrag skemer die boodskap van die Opstanding deur:

- God draai nie sy rug op sy dissipels nie.
- Hulle moet besef daar is genade en vergifnis.
- Herindiensneming.
- **Nuwe lewe!**

# Hoekom Galilea?




Opstanding – wanneer God se **nuwe lewe** in my storie deurbreek
Opstanding gebeur waar ook al enige mens nuwe lewe binne die genade van God ontdek


Dissipels hoor nie die boodskap
by die man in die graf nie,
maar by die vroue
Die Here neem ons in diens …
Stomp en verstommende einde

# Skaakmat







**Halleluja**

**(Leonard Cohen)**

Met net een woord het God gespreek -
die lig wat deur die donker breek,
die heelal is volmaak en dit is goed.
Die engele het ‘n lied gesing
om aan die Skeper eer te bring.
Die klanke was van hemelse akkoorde:
Halleluja, Halleluja, Halleluja, Halle-lu-ja

In Bethlehem sing ‘n engelekoor
Die herders het die lied gehoor
Die woorde dra ‘n boodskap van versoening
Die lied bring lig, Hy bou die brug,
‘n volk kom na hul God terug
En Jesus word verheerlik deur akkoorde:
Halleluja, Halleluja, Halleluja , Halle-lu-ja

Die donkie dra sy eerste vrag
as Jerusalem op sy Koning wag.
Die takke van 'n palm roem Sy Naam
die lied word suur, die prys is duur
en Jesus breek die skeidingsmuur
Die leë-graf Sy grootste Halleluja:
Halleluja, Halleluja, Halleluja, Halle-lu-ja

En nou staan ek hier voor U Heer
met al my lag en al my seer
die deur van my hart staan oop vir Jesus.
Vir U wil ek my lied ook sing
om my Verlosser eer te bring.
Die klanke is van hemelse akkoorde:
Halleluja, Halleluja, Halleluja, Halleluja
Halleluja, Halleluja, Halleluja, Halle-lu-ja

Opstanding – wanneer God se nuwe lewe deurbreek

